

# KANOLA

## – faktore om te oorweeg van Junie - September



20% van plante kan geaffekteer word deur kool plantluis.



Ruitrugmot skade aan peule.

**K**anola is 'n baie belangrike gewas en daar is baie bestuursfaktore wat in ag geneem moet word om 'n sukses van kanola te maak.

Daar is 'n paar peste en siektes wat belangrik is en dit moet beheer word, want hierdie siektes en peste het 'n groot invloed op die opbrengs van kanola.

### Siektes

#### **Swartstam (*Leptosphaeria spp.* / *Phoma lingam*)**

Hierdie siekte is baie belangrik, want dit het 'n groot invloed op opbrengs. Die regte bestuurspraktyke moet toegepas word om die negatiewe uitwerking van die siekte te verminder.

Daar is tans twee swamdoders wat op kanola geregistreer is vir die beheer van swartstam. Hierdie swamdoders moet gespuit word tussen die 4 - 6 blaarstadium van die plant.

#### **Stamvrot (*Sclerotinia sclerotiorum*)**

Hierdie siekte word meer belangrik, want die hektare aangeplant onder kanola is veel meer as 'n paar jaar gelede.

Sclerotinia het 'n baie wye verskeidenheid gashere en val onder andere lupiene, sojabone en sonneblom aan. Die simptome verskyn tydens blom of daarna.

Die volgende toestande moet vir 'n Sclerotinia uitbraak teenwoordig wees. Nat toestande

op die grondoppervlak vir ten minste 10 dae gedurende die middel tot laat winter, met temperature tussen 10°C - 15°C, vir Sclerotinia om te ontkiem en die spore vry te laat. Warm klam toestande met temperature tussen 20°C - 25°C vir ontwikkeling van kolle op die stam.

Die mees kenmerkende simptome van die siekte kom voor aan die onderkant van die stamme van plante. Lig gebleikte kolle met effens grys gedeeltes in die middel kan gesien word op die stamme, gewoonlik by die punt van aanhegting van die blare of sytakke.

Die swam vorm nie spore op die geaffekteerde plante nie, maar 'n digte bondel wit drade waar die Sclerotinia in die stam gesien kan word. Die Sclerotinia kan vir tot sewe jaar in die grond oorleef. Dit is baie belangrik om wisselbou toe te pas met nie-gasheer gewasse soos gars, koring en hawer om die voorkoms van Sclerotinia stamvrot te verminder.

### Insekte

#### **Kool plantluis (*Brevicoryne brassicae*)**

Die kool plantluis is tans 'n primêre spesie wat op kanola voed. Kanola is uiters sensitief vir plantluis besmetting gedurende die vroeë groeistadiums. Swaar besmetting gedurende die blom en peulvorming stadiums kan blomvorming verhoed en die vorming en vulling van peule ernstig benadeel. Dit het 'n groot invloed op opbrengs. As vogstremming voorkom, is dit belangrik om kanola te beskerm teen plant-

luis. Drempelwaardes: 20% van die plante is besmet.

#### **Ruitrugmot (*Plutella xylostella*)**

Dit is 'n insek wat algemeen onderskat word en die skade wat gedoen word, is meer as wat ons dink.

Afhangende van die omgewingstemperatuur, word die volwasse insek (mot) gewoonlik opgemerk tydens die stamverlenging fase. Die liggroen larwe vreet gate in die blare. Peule word ook aangeval, maar die skade is gewoonlik oppervlakkig en peule word selde binnegedring. Beskadigde peule is egter geneig om makliker te breek. Daar is meer as een generasie per seisoen.

Drempelwaardes: Middel tot laat blom: 17 - 23 larwes per 10 plante. Peulvulling: 43 - 57 larwes per 10 plante.

Steekproefneming is baie belangrik om hierdie insekte vroegtydig op te spoor en dit te beheer. Wanneer die temperatuur hoog is, is die Ruitrugmot geneig om baie vinnig te vermeerder. Konsekwente en gereelde inspeksies is baie belangrik om hierdie insekte te beheer om die uitwerking op opbrengs te verminder.

**Artikel verskaf deur Jannie Bruwer, Bayer Gewaswetenskappe Areabestuurder, Suid-Kaap. Vir meer inligting, stuur 'n e-pos na [jannie.bruwer@bayer.com](mailto:jannie.bruwer@bayer.com).**